LA AFTREEFONDS
Verseker jou aftrede

LEDE NUUSBRIEF

Uitgawe 01 | Februarie 2022

NOTA VAN DIE HOOFBEAMPTE

Geagte Lede

Welkom terug van u vakansie, indien u bevoorreg genoeg was om met verlof te kon gaan. Ons hoop dat u die eerste nuusbrief van 2022 geniet aangesien ons aanhou om u op hoogte te hou van belangrike Fondsaangeleenthede en items wat u aandag verg.

Al bevind ons ons steeds in 'n omgewing waar ons maskers moet dra en 'n sosiale afstand moet handhaaf, het dit nou duidelik geword dat die Covid-19-variant minder ernstig is. Dit is goeie nuus, aangesien dit ons sal toelaat om weer eens ons lede en plaaslike owerhede te besoek. Ons sien uit daarna om hierdie jaar nouer met u saam te werk.

Die Raad van Trustees sal aanhou om hard te werk ten einde te verseker dat die Fonds die voorkeurfonds in die plaaslike regering bly wat optimale voordele aan sy lede bied.

Ilse Hartlief
Hoofbeampte

Sterftevoordeel – van toepassing op lede wat vóór 1 Augustus 2017 lede van die LA Aftreefonds geword het

U sal onthou dat die Fonds in 2017 die versekerde voordele herstruktureer het om by die voortdurend veranderende behoeftes van ons lede aan te pas. Die nuwe struktuur vir sterftevoordele het die konsep van keuse ingebring om lede in staat te stel om die dekkingsbedrag te kies wat hul behoeftes, begroting en omstandighede die beste pas.

Lede het die geleentheid om hul veelvoude te verander en hul vlak van dekking elke jaar op 1 Julie, en/of binne 3 maande ná 'n lewensveranderende gebeurtenis, te verhoog of te verlaag.

Vir watter voordele kwalifiseer u?

Die tabel hieronder illustreer vir elk van die ou risikovoordeel-opsies A,B,C,D en E die verskillende ouderdomsgroepe, die vlak van doodsdekking (veelvoude van jaarlikse pensioendraende salaris) beskikbaar in elke ouderdomsgroep, asook die verstekopsie van toepassing indien u nie in 2017 'n formele keuse gemaak het nie.

Ou Risikokategorie - A of B

Jonger as 30	Ouderdom 30 - 39	Ouderdom 40 - 49	Ouderdom 50 - 54	Ouderdom 55 - 75
0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 4	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 4	0, 1, 2, 3, 4, 5, 6 Verstek = 4	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 4	0, 1, 2, 3, 4 Verstek = 4

Ou Risikokategorie - C

Jonger as 30	Ouderdom 30 - 39	Ouderdom 40 - 49	Ouderdom 50 - 54	Ouderdom 55 - 75
0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 3	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 3	0, 1, 2, 3, 4, 5, 6 Verstek = 3	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 3	0, 1, 2, 3 Verstek = 3

Ou Risikokategorie - D

Jonger as 30	Ouderdom 30 - 39	Ouderdom 40 - 49	Ouderdom 50 - 54	Ouderdom 55 - 75
0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 0	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 0	0, 1, 2, 3, 4, 5, 6 Verstek = 0	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 0	0, 1, 2 Verstek = 0

Ou Risikokategorie - E

Jonger as 30	Ouderdom 30 - 39	Ouderdom 40 - 49	Ouderdom 50 - 54	Ouderdom 55 - 75
0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 3	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 3	0, 1, 2, 3, 4, 5, 6 Verstek = 5	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 5	0, 1, 2 Verstek = 2

U kan u huidige vlak van doodsdekking op u 2021-staat van jaarlikse lidvoordele nagaan, of die afdeling vir lede-inligting op die veilige webtuiste besoek, of die Verso-mobiele toepassing (app) gebruik. U kan ook die Fonds se dienssentrum om hulp vra.

AANPASSING VAN U LEWENSDEKKING VOLGENS U BEHOEFTES

A. Verander u vlak van dekking op 1 Julie

U mag u vlak van dekking een keer per jaar verhoog deur u gekose veelvoud te verhoog, of u vlak van dekking verlaag deur die veelvoud te verlaag. U aansoek om u dekking **te verhoog** moet **teen 31 Maart** deur die administrateur ontvang word. Indien dit deur die versekeraar goedgekeur word, sal die verhoging op die 1ste van die maand ná die versekeraar se goedkeuring (maar op die vroegste op 1 Julie) in werking tree.

'n Aansoek om verhoging van die doodsdekking is onderhewig daaraan dat u bewyse van u goeie gesondheid aan die versekeraar verskaf. Die vereiste mediese inligting sal deur die versekeraar bepaal word en die koste verbonde aan mediese toetse en/of ondersoeke sal deur die versekeraar betaal word.

Indien u besluit om u dekking **te verlaag**, moet u aansoek teen **31 Mei** ontvang word. Geen mediese inligting word vereis wanneer 'n verlaging in doodsdekking versoek word nie. Kry asseblief die betrokke vorm van die webtuiste onder "risk benefits": *Annual change in insured death benefit option form for pre-August 2017 members.*

B. Verander u vlak van dekking binne 3 maande ná 'n lewensveranderende gebeurtenis

U kan ook kies om u dekking te verhoog of te verlaag wanneer u 'n lewensveranderende gebeurtenis ervaar.

'n Lewensveranderende gebeurtenis word gedefinieer as 'n troue, 'n egskeiding, die dood van 'n eggenoot, die geboorte van 'n kind, bevordering by die werk, of 'n verandering in u werkskontrak van permanent en heeltyds na 'n vastetermyn-kontrak, of andersom.

U het 3 maande vanaf die datum van die lewensveranderende gebeurtenis waarin u kan aansoek doen om 'n verandering van u lewensdekking. Kry asseblief die betrokke vorm van die webtuiste onder "risk benefits": *Life events that require a change in insured death benefits options form for pre-August 2017 members.*

C. Verskuiwing van een ouderdomsgroep na 'n volgende

WANNEER U VAN DIE 30-39-OUDERDOMSGROEP OORGAAN NA DIE 40-49 OUDERDOMSGROEP

Wanneer u van die ouderdomsgroep 30-39 na 40-49 jaar beweeg, kan u kies om u dekking van 'n maksimum veelvoud van 5 maal u jaarlikse pensioendraende salaris na 6 maal u jaarlikse pensioendraende salaris te verhoog.

WANNEER U VAN DIE 40-49-OUDERDOMSGROEP OORGAAN NA DIE 50-54 OUDERDOMSGROEP

Wanneer u van die ouderdomsgroep 40-49 na 50-54 jaar beweeg, word die maksimum veelvoud van 6 maal na 5 maal u jaarlikse pensioendraende salaris verlaag. Lede wat die opsie van 6 maal jaarlikse pensioendraende salaris gekies het, sal outomaties vanaf 1 Julie wat volg op die bereiking van die ouderdom van 50, teruggeskuif word na 5 maal hul jaarlikse pensioen-draende salaris.

WANNEER U VAN DIE 50-54-OUDERDOMSGROEP OORGAAN NA DIE 55-75 OUDERDOMSGROEP

Vanaf ouderdom 55, is die maksimum sterftedekking vir gewese risikovoordele-opsie C-lede 3 keer die jaarlikse pensioendraende salaris en vir gewese risikovoordele-opsie D- en E-lede twee keer die jaarlikse pensioendraende salaris. Op die 1ste Julie wat volg op die bereiking van die ouderdom van 55, sal lede wat op veelvoude van jaarlikse pensioen-draende salaris van meer as die maksimum vasgestel vir die 55-75 ouderdomsgroep se voordele sal outomaties verander word na die maksimum veelvoud van pensioendraende salaris dood dekking.

DIT IS BELANGRIK OM DIE VOLGENDE TE ONTHOU

- Die maksimum bedrag van dekking verlaag na gelang van ouderdom. Die rede hiervoor is dat dekking toenemend duurder word hoe ouer ons word. Die trustees verkies dat lede vir hul aftrede spaar eerder as om groot premies vir doodsdekking te betaal.

- Indien u in die ouderdomsgroep 30-39 is en die maksimum veelvoud van 5 maal u jaarlikse pensioendraende salaris gekies het, en dan geen keuse uitoefen wanneer u na die volgende ouderdomsgroep beweeg nie, sal u outomaties in die ouderdomsgroep 40-49 steeds kwalifiseer vir 'n veelvoud van 5 maal u jaarlikse pensioendraende salaris. Dit is ondanks die feit dat u aansoek kon gedoen het om u dekkingsveelvoud na 6 maal u jaarlikse pensioendraende salaris op te stoot.

- Indien u in die ouderdomsgroep 40-49 is en die maksimum veelvoud van 6 maal u jaarlikse pensioendraende salaris gekies het, en u maak geen keuse wanneer u na die volgende ouderdomsgroep beweeg nie, sal die nuwe maksimum veelvoud van 5 maal se dekking outomaties van toepassing op u wees in die ouderdomsgroep 50-54.

- Vanaf die 1ste Julie ná die bereiking van die ouderdom van 55, verskil die maksimum veelvoud van dekking van toepassing op elke ouderdomsgroep vir elk van die ou risikovoordele-opsies.

Wat is die belangrike ouderdomme wanneer die maksimum dekking verander?

Indien u voorheen 'n lid was van die ou risiko-opsie:

A of B

Wanneer van die ouderdomsgroep 50-54 na 55-75 beweeg word, verminder die maksimum veelvoud vir dekking outomaties van 5 maal na 4 maal u jaarlikse pensioendraende verdienste. U word dus nie beperk tot 'n maksimum veelvoud van 2 maal die jaarlikse pensioendraende verdienste van toepassing op diegene wat op of ná 1 Augustus lede van die Fonds geword het nie

C

Wanneer van die ouderdomsgroep 50-54 na 55-75 beweeg word, verminder die maksimum veelvoud vir dekking outomaties van 5 maal na 3 maal u jaarlikse pensioendraende verdienste. U word dus nie beperk tot 'n maksimum veelvoud van 2 maal die jaarlikse pensioendraende verdienste van toepassing op diegene wat op of ná 1 Augustus 2017 lede van die Fonds geword het nie.

D of E

Wanneer van die ouderdomsgroep 50-54 na 55-75 beweeg word, verminder die maksimum veelvoud vir dekking outomaties van 5 maal na 2 maal u jaarlikse pensioendraende verdienste.



LEDE-BETROKKENHEID

Die Fonds het Verso Finansiële Dienste aangestel om die Fonds se kommunikasiedienste vanaf 1 Januarie 2022 aan lede te bied. Ons sien daarna uit om voort te bou op die talle kommunikasie-inisiatiewe wat ingestel is sedert die Fonds sy nuwe naam en handelsmerk in 2016 bekendgestel het. Die Fonds moedig u aan om die ledesessies by te woon wat vir hierdie jaar gereël sal word, beide in persoon waar dit finansieel haalbaar is vir die Fonds om dit te doen, of deur virtuele vergaderings wat 'n koste- en tydseffektiewe manier bly om met ons lede in verbinding te tree.

Om te verseker dat u nie die kommunikasie oor die datums van die ledesessies misloop nie, maak asseblief seker dat die Fonds u huidige kontakbesonderhede het (selfoonnommer en e-posadres).

In die nuusbrief van Desember 2021 het ons lede aangemoedig om die nuwe Verso Insight-selfoontoepassing af te laai van óf Apple óf Android se toepwinkels. Die skakel na die Verso Insight-webtoepassing is op die Fonds se webtuiste beskikbaar. Indien u nog nie die toepassing afgelaai het nie, moedig ons u nou aan om dit te doen, aangesien dit u in staat sal stel om moeiteloos toegang tot u lede-inligting te verkry.

VIDEO'S OOR AFTREESPAAR-GELD

Die Fonds is van mening dat dit belangrik is om hul lede te bemagtig om bekostigbaar af te tree. Aan die einde van 2021 het ons lede laat weet dat die Fonds video's op sy webtuiste gelaai het wat handel oor verskeie stadiums van aftredebeplanning. Daar is vier video's, en die langste een is ongeveer 30 minute:

1. Die Hoofbeampte het die belang van die aftreespaargeldproses benadruk.
2. Die Fonds se Aftreevoordeleraadgewer, Grant Greenfield, het die koste-effektiewe In-Fonds Lewende Annuïteit opsie vir lede ten tyde van aftrede bespreek.
3. Wessel Oosthuizen van Verso Wealth het 'n informele gesprek gevoer met Francois du Toit oor die pad na aftreespaargeld en die verskeie probleme wat langs die pad aangetref kan word.
4. Jonathan Theunissen van Verso Wealth het die spaargeldbespreking voortgesit deur uit te brei op maniere om te spaar en het begrotingsoorwegings voorgestel.

Ons het u uitgenooi om hierdie video's oor die vakansietydperk te kyk, en in Februarie sal die Fonds 'n virtuele vraag-en-antwoord-sessie (V&A) hou waarin daar uitgebrei sal word op die onderwerpe wat bespreek is. Tydens hierdie virtuele sessie sal Jonathan 'n paar belangrike wenke gee oor hoe 'n mens verantwoordelik kan spaar. Wees op die uitkyk vir die nuusflits wat die datum van die V&A bevestig.

EEN EMMER OF TWEE?

In die nuusbrief van Desember 2021 het ons die Nasionale Tesourie se aankondiging, dat die regering aan die werk is aan 'n "twee-emmerstelsel" wat daarop gerig is om 'n oplossing te bied vir lede om 'n gedeelte van hul aftreespaargeld in 'n noodgeval te onttrek terwyl daar steeds verseker word dat lede die meerderheid van hul aftreespaargeld oorhou, bespreek.

Die Nasionale Tesourie het in Desember 2021 'n verdere besprekingsdokument gepubliseer, en publieke kommentaar op hierdie dokument moes teen 31 Januarie 2022 ingedien gewees het. Die voorneme is dat konsepwetgewing gepubliseer sal word in lyn met die 2022 se begrotingsproses.

ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Fonds het sy eerste regstreekse virtuele Algemene Jaarvergadering (AJV) op 28 Mei 2021 gehou. Dit was 'n wegholsukses en het lede wat nie andersins die vergadering sou kon bywoon nie die kans gegun om virtueel in te skakel.

Met dié in gedagte sal die Fonds weer eens sy Algemene Jaarvergadering virtueel hou om 09:00 op Vrydag, 27 Mei 2022.

Om die AJV virtueel te hou sal aanhou om die tyd en onkoste wat nodig is om na Kaapstad te reis te verlig en sal meer lede in staat stel om die vergadering by te woon en om deel van die besprekings van belangrike Fondssake te wees. Dit verminder ook Fondskostes, wat tot die voordeel van alle lede is.

Kommunikasie wat die verkiesing/nominasie van lede-, pensioenaris- en raadslid afgevaardigdes versoek, is gestuur aan die deelnemende plaaslike owerhede. Die Raad van Trustees moedig alle lede aan om die virtuele AJV by te woon, aangesien dit lede die geleentheid sal gun om regstreeks te hoor van die Fonds se beleggings, die befondsingsvlak, voordeelstruktuur en die hooftrekke van die jaarlikse finansiële state van 2021. Lede sal ook genooi word om vrae te vra aan die einde van die AJV.

Hierdie is ú Fonds – dit is u geleentheid om die inligting te bekom wat u nodig het om te verseker dat u die besonderhede verstaan sodat u eendag gerieflik kan aftree.

Sluit by ons aan op Vrydag, 27 Mei 2022 om 09:00 – wees op die uitkyk vir die AJV-nuusflits en aanlyn skakel wat nader aan die tyd aan alle lede gestuur sal word.

Aftreevoordeleraadgewer en Kliënteskakelbeampte

Die Fonds se Aftreevoordeleraadgewer, Grant Greenfield, en die Kliënteskakelbeampte, Glenda Kunene, is beskikbaar om u te help met enige vrae wat u oor die Fonds mag hê.

Hulle kan op die volgende maniere gekontak word:

Grant Greenfield
(Aftreevoordeleraadgewer)
021 – 943 5305,
of e-pos:
support@laretirementfund.co.za

Glenda Kunene
(Kliënteskakelbeampte)
081 778 0923,
of e-pos:
glendak@verso.co.za

Die Fonds het 'n WhatsApp-nommer (081 806 9959) wat 'n gerieflike wyse aan lede bied om effektief tydens kantoorure (08:00 tot 16:00) met die Fonds te kommunikeer.

Trustees
Mnr DL Carstens (Voorsitter) | Me M Van Zyl (Ondervoorsitter) | Adv CJ Franken | Mnr J Lawack | Mnr J Jacobs | Mnr WR Meiring
Mnr S Philander | Mnr JAH van den Berg
Hoofbeampte | Me IT Hartlief

Posbus 4300 | Tygervallei 7536 | Belmont-kantoorpark | Twiststraat | Belville | 7530
WhatsApp 081 806 9959 (tussen 08h00 - 16h00) | Tel 021 943 5305 | Faks 021 917 4114 | E-pos support@laretirementfund.co.za
www.laretirementfund.co.za | Fondsregistrasienommer 12/8/1278/2